A.14

BRUINVLEK

(INTERNE BRUINVLEK)

Klas 1: Knol moet vry van bruinvlek wees.
Klas 2: Tot die maksimum mate soos in foto 5 uitgebeeld, is toelaatbaar.
Klas 3: Tot die maksimum mate soos in foto 6 uitgebeeld, is toelaatbaar.

Laagste Klas: Geen spesifikasies.

Redes vir die verskynsel

- Dit is 'n fisiologiese afwyking en die primêre oorsaak is gelokaliseerde kalsium (Ca) tekort tydens, of net na knolvorming.
- Die volgende faktore is bevorderlik vir die ontwikkeling daarvan:
- hoë wisselende lugtemperature
- hoë grondtemperature
- droë periodes
- sanderige grond
- suurgrond
- grond met 'n lae kalsiumpeil.

Hoe dit vermy kan word

- Vermy sanderige, suur en kalsium-arm grond.
- Bekalk oordeelkundig.
- Vermy vatbare kultivars onder toestande wat gunstig is vir die afwyking.
- Vermy planttye wanneer hoë temprature voorkom tydens of net na knolinisiasie.
- Voorkom voedingwanbalanse en lae of hoë pH om optimale Ca opname te verseker.
- Plant kultivars wat minder geneig is tot die afwyking.

A.14

BROWN FLECK

(INTERNAL BROWN FLECK/SPOT)

Class 1: Tuber shall be free of brown fleck.
Class 2: To the maximum extent depicted in photo 5 is permissible.
Class 3: To the maximum extent depicted in photo 6 is permissible.

Lowest Class: No specifications.

Reasons for the occurrence

- It is a physiological defect and the primary cause is localised calcium (Ca) deficiency during, or shortly after tuber initiation.
- The following factors are favourable for the development thereof:
- high changing air temperatures
- high soil temperatures
- dry spells
- sandy soil
- acidic soil
- soil with a low calcium level.

How it can be avoided

- Avoid sandy, acid and low calcium soils.
- Apply lime judiciously.
- Avoid planting susceptible cultivars under conditions that favour the defect.
- Avoid planting when high temperatures occur during or just after tuber initiation.
- Avoid nutrient imbalances and low or high soil pH to ensure optimal Ca uptake.
- Plant cultivars that are not prone to the defect.

BRUINVLEK (INTERNE BRUINVLEK) A.14
BROWN FLECK (INTERNAL BROWN FLECK/SPOT) A.14